RAPPORT, Rondrits
Sunday, 25 October 2009, p. 12

Die Terios in Swaziland

Terios: lig en elegant

met 'n stewige vastrap

Kathy Whitehead

'N Rit op die lang pad is net 'n plesier in 'n behoorlike voertuig en danksy Daihatsu in Randburg, kon ek my onlangse uitstappie agter die wiel van 'n lewendige Terios 4x4 onderneem.

Die elegante SNV is nie net 'n plesier vir die oog nie maar ook maklik hanteerbaar – soos algemeen bekend: "hy's 'n klein 4x4 met 'n groot hart".

Ek het 'n afstand van 1 200 km in vier dae afgelê – Jo'burg na Sabi Sabi deur Nelspruit, Witrivier en Hazyview. Van Sabi Sabi deur die Krugerhek, suid na die Malelanehek, deur Mpumalanga na die Jeppe's Reef-grenspos tot in Swaziland. 'n Kronkelende rit deur die berge het by die Ezulwini-vallei geëindig. Die rit terug huis toe was deur Mbabane tot by die Oshoek-grenspos, verby Carolina en op die N4 tot in Johannesburg.

Die Terios bestuur maklik in die stad. Omdat dit hoog van die grond af is, hanteer die klein 4x4 maklik in die verkeer en is 'n droom om in smal parkeerplekke in winkelsentrums te parkeer. Op die oop pad is hy gemaklik. Met vyf ratte en genoeg krag was dit maklik om 'n spoed van 120 km/h te handhaaf en die steiltes deur Swaziland se berge het geen probleme of 'n verlies aan spoed veroorsaak nie.

Die kragstuur maak dat hy maklik hanteer en hy sit goed op die pad. My toetsvoertuig se ruite was donker, en met die goeie lugversorging is die skerp son in die Krugerwildtuin en Swaziland nie eers opgemerk nie.

Ek het ook baie van die flink bagasiebak gehou. Hy maak soos 'n deur oop met 'n netjiese handvatsel en is verbasend ruim met genoeg plek vir baie bagasie. Die binneruim is gerieflik met genoeg beenruimte vir almal.

Die Terios in Sabi Sabi Foto's: KATHY WHITEHEAD

Met 'n taamlike klein petroltenk, is die goeie nuus dat die noodtenk taamlik groot is – jy kan 80 km op hom ry. Dit was 'n lekker verrassing vir my, omdat ek vergeet het om die tenk te vul voordat ek die Sabi Sabi-reservaat in is. Twee dae later en buite die reservaat was die naaste vulstasie in Skukuza in die Krugerwildtuin. Met die waarkuwingsliggie wat rooi flikker was ek vir sowat 30 km op hete kole. Maar, danksy die Terios het ek veilig in Skukuza aangekom.

As jy soos ek is en van noodsaaklikhede soos petrol vergeet, kan jy verseker wees dat die klein SNV jou nie sommer in die steek sal laat nie.

Maklik in stadsverkeer en 'n plesier op afgeleë paaie, is die 4x4 beslis die moeite werd as jy op soek is na 'n kompakte veeldoelvoertuig.

Vir nog inligting kontak Daihatsu Randburg in Strydom Park by ☎ 011 791 3393.